

---

**Best, T F & Gassmann, G 1993 — On the way to fuller Koinonia**

Geneva: WCC Publications. Sagteband, 318 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Ds J Otto**

Hierdie boek is die amptelike verslag van die werksaamhede van die vyfde wêreldkonferensie van die 'Faith and Order'-werkgroep van die Wêreldraad van Kerke. Soos die titel reeds aandui, het die ekumeniese band tussen kerkgroepe baie sterk na vore gekom. Dit is die doel van hierdie werkgroep om die ekumeniese middelgrond te vind in 'n poging tot groter eenheid in die Wêreldraad van Kerke. Daar word in die boek gepoog om die werk en belewenisse, asook die resultate van die vyfde konferensie, te dokumenteer. Saam met die ander vier 'notules' (van die eerste vier konferensies) vorm hierdie dokument die padkaart na sigbare ekumeniese eenheid. Die boek word in 'n paar hoofdele ingedeel, met 'n kort voorwoord wat die opset van die boek verduidelik.

Die eerste gedeelte bevat die toesprake, preke en voorleggings asook die reaksies van die volle vergaderings op hierdie toesprake. Die tweede gedeelte bevat die geskrewe resultate van *Santiago de Compostela* (waar die konferensie plaasgevind het), saam met die reaksie van die volle vergaderings. Daar is verskeie bylae.

Die eerste gedeelte word ingedeel volgens temas. Die openingstoesprake word gevolg deur toesprake wat klem lê op dit wat die werkgroep bereik het, sy beloftes en sy visie op die toekoms. In 'n derde gedeelte word gekyk na die Bybelse perspektief op *koinonia* terwyl die strewe na *koinonia* in die werkgroep self die vierde groep toesprake oorheers. Die toekoms van die ekumeniese beweging word in die vyfde deel hanteer, terwyl deel ses die Wêreldraad van Kerke en die werkgroep se gemeenskaplike toekoms uitspel. Al die preke word in deel sewe weergegee, terwyl deel agt fokus op Spanje, aangesien die konferensie daar plaasgevind het. Die eerste gedeelte word afgesluit met die slottoesprake.

Die werkgroepe se dokumente en die boodskap wat die wêreld ingestuur moet word, kom voor in die tweede gedeelte. Die boodskap word aanvanklik gestel, en daarna word die besprekings gedokumenteer. 'n Tweede onderafdeling hanteer die kleiner groepe se verslae. Hier word sake soos die regte verstaan van *koinonia* en die gevolge, die Bybelse getuïenis aangaande *koinonia*, die één belydenis, die gemeenskaplike lewe in Christus en die geroepenheid tot gemeenskaplike getuïenis hanteer. In 'n derde onderafdeling word 'n besprekingsdokument volledig hanteer.

In die bylae word sake soos boodskappe, 'n opsomming van gesamentlike sittings, die konstitusie van die werkgroep, opsommings van Bybelstudies en aanverwante sake hanteer. Die student van die ekumene se geskiedenis kan baat vind by hierdie boek. Die sistematiese uitleg maak dit maklik om 'n tema na te gaan.